6 Desember 2020 10:30

info@kruiskerk.co.za

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Uit die wildernis . . .

Skriflesing: Markus 1:1-8 en Jesaja 40:1-11

Broodjies vir die pad

"We do not receive wisdom, we must discover it for ourselves, after a journey through the wilderness which no one else can make for us, which no one can spare us, for our wisdom is the point of view from which we come at last to regard the world. The lives that you admire, the attitudes that seem noble to you, have not been shaped by a paterfamilias or a schoolmaster, they have sprung from very different beginnings, having been influenced by evil or commonplace that prevailed round them. They represent a struggle and a victory."
— Marcel Proust

"To be commanded to love God at all, let alone in the wilderness, is like being commanded to be well when we are sick, to sing for joy when we are dying of thirst, to run when our legs are broken. But this is the first and great commandment nonetheless. Even in the wilderness - especially in the wilderness - you shall love him."
— Frederick Buechner, A Room Called Remember: Uncollected Pieces

"As I have read the Gospels over the years, the belief has grown in me that Christ did not come to found an organized religion but came instead to found an unorganized one. He seems to have come to carry religion out of the temples into the fields and sheep pastures, onto the roadsides and the banks of the rivers, into the houses of sinners and publicans, into the town and the wilderness, toward the membership of all that is here. Well, you can read and see what you think."
— Wendell Berry, Jayber Crow

"Intentions must mature into commitments if we are to become persons with definition, with character, with substance."
— Eugene H. Peterson, Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best

"Mountains seem to answer an increasing imaginative need in the West. More and more people are discovering a desire for them, and a powerful solace in them. At bottom, mountains, like all wildernesses, challenge our complacent conviction - so easy to lapse into - that the world has been made for humans by humans. Most of us exist for most of the time in worlds which are humanly arranged, themed and controlled. One forgets that there are environments which do not respond to the flick of a switch or the twist of a dial, and which have their own rhythms and orders of existence. Mountains correct this amnesia. By speaking of greater forces than we can possibly invoke, and by confronting us with greater spans of time than we can possibly envisage, mountains refute our excessive trust in the man-made. They pose profound questions about our durability and the importance of our schemes. They induce, I suppose, a modesty in us."
— Robert MacFarlane, Mountains of the Mind: Adventures in Reaching the Summit

Ek wil vir jou nog 'n Kersfees skryf

ek wil vir jou nog 'n Kersfees skryf
(maar ook vir my)
met 'n pouveer in my hand
uit ons twee se geliefde Boesmanland
waar 'n Desember-somerson
en 'n plaasoggend op jou gunstelingberg
nog 'n laaste keer vir jou sal opkom

ek wil weer vir jou my hart toedraai
met Desember-papier
vol foto's en gisters van my en jou
onder die Kersfeesboom
gestrik in blou

dan wil ek 'n Oukersaand-wens
aan die maan ophang
en met 'n verskietende ster
my droom oor die hemelruim verf
dat wanneer ek gaan slaap
jy saggies aan my wang sal kom raak

ek wil vir ons nog 'n laaste Kersaand skryf
maar dié keer met 'n sonsondergang
met jou hartsmense saam op die stoep
waar ons luister na Kersfees-sang
en eers as die dag se saamwees groet
wil ek inpas in die holte van hoe jy vir my lief was
en ek vir jou

ek wil vir jou nog 'n Kersfees skryf, my lief
vol van onthou
my inkspore traan in hemelse blou ...

Melandi Loots

Lag klink soos borrelfonteine of knetterhout

Wilhelm Jordaan

Iemand herinner my daaraan dat ek op ’n keer waar mense hulself by ’n slypskool moes bekend stel, dit só gedoen het: “Ek is Wilhelm en dis al ’n week dat ek nie . . . gelag het nie.” Almal het gelag, want hulle het waarskynlik gedink aan dit wat byvoorbeeld by byeenkomste van Alkoholiste Anoniem gesê word.

Die slypskool was oor humor in ’n demokratiese staat. Ek het begin deur te vertel hoe sorgeloos ons as kinders gelag het; aan mekaar vasgehou het om nie van al die lag om te val nie. Lag ons vandag nog so met mekaar saam?

Mense glo lag is demokraties. Jy kan lag waaroor en vir wie jy wil. Maar die Nederlandse teoloog Okke Jager reken humor en lag weerklink tegelyk in die hemel én in die hel.

En die wetenskap bevestig dit: Hemels is die humor wat saamgaan met positiewe, vrolike emosie. Dit bevorder die afskeiding van endorfien (die brein se eie opiaat of pynstiller), wat op sy beurt weer die endokriene stelsel prikkel om stres te verminder en aangename gevoelens te skep. Terselfdertyd word hormone vrygestel wat die lyf se immuunstelsel doeltreffender laat funksioneer.

Pure hel is die humor wat herhalend saamgaan met negatiewe emosie, soos ’n snedige, sarkastiese snorklaggie of ’n hoonlag vol vyandigheid en woede. Dit skei hormone af wat die lyf se immuunstelsel algaande verswak en vatbaarheid vir siekte verhoog.

Hoe lag ons dan?

Daar is lag wat borrel uit die hart van die kru mens – dit wat kom uit selfverheerlikende meerderwaardigheid – en word gedra deur ’n aggressiewe, venynige bespotting of belaglikmaking van werklike of vermeende “vyande” en dié dinge wat vir die “vyande” van waarde is.

In ons rasbehepte demokrasie floreer dié soort lag – ’n kekkellag wat herinner aan die Prediker se beskrywing van ’n dwaas se gelag: Soos “die geknetter van doringtakke onder ’n pot”.

Gelukkig is daar ook humor en lag wat gevoed word deur ’n sagter, slimmer aanslag en ’n sin vir ironie, soos dit tereg kom in die spelende mens, in Homo ludens, soos die filosoof Plato dit bedink het.

Dit is dikwels skerp satiries gerig op die ontmaskering van menslike dwaasheid, pretensie, vergrype en euwels – soos dit al vroeg in die antieke tye en in die Middeleeue gebeur het in die koggelende manewales van hofnarre in koningshuise. Daaruit kom die gedagte van die “edele dwaas”, wat die vergrype van owerheid, kerke, maghebbers en mense aanvat en vermaaklik blootlê.

Hedendaagse voorbeelde is Pieter-Dirk Uys, Trevor Noah, Loyiso Gola en Marc Lottering, maar baie daarvan geskied ook in die sosiale media met verbysterende spoed en toepaslikheid. Die nut van dié soort humor, en die lag wat soos ’n fontein daaruit borrel, is dat dit ’n uitnodiging tot genesende harmonie is: “Kom lag saam met my. Hier is jy veilig. My lag sal jou toevou en beskerm.”

Juis dít is die hart van genesende lag.

** Jordaan is ’n emeritusprofessor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/lag-klink-soos-borrelfonteine-of-knetterhout-20201201

“I would maintain that thanks are the highest form of thought; and that gratitude is happiness doubled by wonder.”
— G.K. Chesterton

“Even if the life of a person has been a disaster, even if it is destroyed by vices, drugs, or anything else—God is in this person’s life. You can, you must try to seek God in every human life. Although the life of a person is a land full of thorns and weeds, there is always a space in which the good seed can grow. You have to trust God.”
— Pope Francis, A Big Heart Open to God: A Conversation with Pope Francis

---

Brood vir die pad

‘Vroeë Kersvieringe bring vreugde in donker virustyd’

Helen Parish

Die Covid-19-pandemie laat baie mense smag na ’n bietjie vroeë feesvreugde en vir sommige mense het dit inderdaad al vroeg in November soos Kersfees begin lyk.

Kersbome, liggies, en allerlei blink versierings het al in strate en huise begin verskyn en Kersinkopies was goed op dreef. Dit laat ’n mens dink aan die woorde van Perry Como se klassieke liedjie: “It’s beginning to look a lot like Christmas”.

Maar so ’n vroeë Kersfeesgees laat diegene frons wat meen Kersfees is vir die vier van Kersfees. Sonder sulke meningsverskille sal dit egter nie Kersfees wees nie – dit gaan al aan sedert die vroeë Christene die geboorte van Christus begin vier het.

In die Bybel is daar geen aanduiding van Christus se geboortedatum nie en in die vroeë Christendom was daar ook geen konsensus daaroor nie. Teen die tweede eeu het die gebruik in die oostelike Christenkerke posgevat om die doop van Christus op 6 Januarie te vier.

Teen die vierde eeu het die viering van die Epifanie vroeg in Januarie ’n groot fees in Wes-Europa geword en is dit in verband gebring met die aankoms van die wyse manne wat die baba Jesus as die Seun van God geëien het.

Voorstelle oor wanneer Jesus gebore is, wissel van Januarie, Maart tot selfs Junie. Dit is dus geen wonder dat daar nie konsensus is oor wanneer Kersfees gevier moet word nie.

Wintergebruike

Pous Julius I het in 340 n.C. besluit Christus se geboorte moet in die westelike Christendom op 25 Desember gevier word. ’n Viering in die middel van die winter het gehelp om reeds bestaande wintergebruike te omvorm tot ’n viering van ’n Christelike aard. Die datum het ook ingepas by idees dat Jesus op die dag van sy verwekking in Maart gesterf het. Nege maande van Maart af sou dus beteken hy is in Desember gebore.

Teen die einde van die eeu is Kersfees uitgebrei om die herdenking van Sint Stephanus (26 Desember), Johannes die Doper (27 Desember) en die Heilige Onskuldiges (28 Desember) in te sluit. In 567 het die Konsilie van Tours ’n Kersfees bestaande uit 12 dae vasgelê.

Maar in die Ortodokse kerke, wat die Romeinse Juliaanse kalender gevolg het, word Kersfees steeds in Januarie gevier en staan 6 Januarie bekend as Ou Kersfees.

Regulering van Kersfees

Teen die sesde eeu was 25 Desember dus die dag waarop Kersfees gevier is. Die Kersfees het teen sononder op 24 Desember begin en vir lank is versierings eers op Oukersaand aangebring. Die kerk het Kersfees streng beheer om verbintenisse met voor-Christelike feeste te vermy. Die tyd tussen Advent Sondag (29 November, vier Sondae voor die geboorte) en Kersfees, was ’n tydperk van vas en boetedoening. Dit was beslis nie ’n tyd van sjokolade-gevulde Advent-kalenders, partytjies en die voortydige versiering van strate en huise nie. Die beskouing bestaan nou nog dat dit ongeluk sal veroorsaak om selfs net huls [*holly*] in ’n huis in te bring voor Oukersaand.

Maar om Kersfees te reguleer is makliker gesê as gedaan, en om die aanbring van Kersversierings te keer, was bykans onmoontlik. Antieke voor-Christelike midwinter vierings, soos om groenigheid in huise in te bring sodra die winter aangebreek het, kon ook nie gekeer word nie.

Toe die viering van Kersfees in die 1640’s in Engeland verbied is, het mense huise versier en het die kerklui van St. Margaret in Westminster die kerk in huls en klimop getooi uit protes teen dié wet.

Kersgety

Deesdae kan Kersfees so vroeg as 1 November in ons winkels verskyn. Ons is gewoond aan die Kersgety wat immer vroeër aanbreek, maar dit word gewoonlik net in kommersiële ruimtes gesien waar handelaars gretig is om die meeste te maak van die seisoenale besteding. Maar vanjaar het dit ook heelwat vroeër na heelparty mense se huise gekom, in sommige gevalle so vroeg as 31 Oktober op Allerheilige-aand.

Die feestelikheid het ’n manier geword om vreugde en warmte te bring in ’n donker tyd van pandemiebeperkings. Kersversierings ontlok goeie herinneringe en sielkundiges het bevind dat mense wat hul versierings vroeg aanbring, gelukkiger is as ander mense en dat hulle meer sosiaal voorkom.

Dit resoneer met wat soldate gesê het wat in die Eerste Wêreldoorlog in die loopgrawe was, naamlik dat Kersrituele aan die westerse front vir hulle ’n verbintenis met normaliteit was.

Die geskiedenis leer ons dat hierdie nie die eerste keer is dat Kersvieringe deur ’n pandemie geraak is nie. Nuusberigte van 1918 dui daarop dat Kersinkope tydens die Spaanse Griep vroeg begin het, soos nou in 2020.

Maar die inperkingstamheid wat in 1918 tot die groot vieringe van Wapenstilstanddag, Danksegging en Kersfees gelei het, het ’n verdere vlaag van die grieppandemie in Amerikaanse stede tot gevolg gehad.

Tradisionele beskouings van Kersversierings is dalk in 2020 op hul kop gedraai, maar daar is nog baie tyd oor om te redekawel oor die datum waarteen die versierings afgehaal moet word. Vir die meeste mense is dit 5 Januarie. En dan is daar diegene wat meen as jy dit teen die aand van 6 Januarie nog nie afgehaal het nie, loop jy die gevaar om deur kabouters geteister te word.

• Helen Parish is professor in geskiedenis aan die Universiteit van Reading. Dié artikel het aanvanklik op *The Conversation* verskyn (https://theconversation.com/christmas-coming-early-theres-never-been-a-right-time-to-put-up-the-decorations-151006).

https://azure.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/vroee-kersvieringe-bring-vreugde-in-donker-virustyd-20201130

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877